

**Oor die skryfwyse van die Afrikaanse gewone name
in die boek
“Lys van Suider-Afrikaanse inheemse boomname”
(tans in die pers)**

deur

J.D. McLachlan
Taalkundige versorger (Afrikaans)

In hierdie boek is die Afrikaanse spelreëls soos vervat in die negende uitgawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Pharos, 2002), hierna *AWS*⁹ genoem, so konsekwent moontlik gevolg. Hierdie reëls bepaal onder meer wat in Afrikaans vas en wat los geskryf word, waar koppeltekens gebruik word en waar hoofletters gebruik word. *AWS*⁹ erken egter die feit dat bepaalde konvensies op sekere spesialisterreine kan voorkom.

By die gewone name van plante en diere in Afrikaans het daar juis met verloop van tyd sulke skryfkonvensies ontstaan. Dié konvensies kan afgelei word uit gesaghebbende bronne soos die verskillende *AWS*'e, die *Woordeboek van die Afrikaanse taal (WAT)* en verskeie vakspesifieke woordeboeke en woordelyste. Hierdie konvensies, spesifiek wat vas en los skryf en hoofletters betref, is in hierdie boek gevolg en terselfdertyd konsekwent deurgevoer na name wat nie spontaan in die volksmond ontstaan het nie. Daar is egter deurgaans gepoog om dit binne die raamwerk van *AWS*⁹ te hou.

Behalwe waar dit die tradisionele of voorgeskrewe vorm is, is die minimum koppeltekens in samestellings gebruik, ondanks die feit dat sommige gebruikers sulke samestellings as "lang samestellings" of "moeilik leesbare samestellings" kan beskou. Koppeltekens (wat 'n vorm van vas skryf is) is wel gebruik in die volgende gevalle:

- (i) Op 'n gepaste plek in samestellings met vyf of meer lede, bv. *dwerg-smalpeulbasboontjie, enkelblaar-valstaaibos*. sien in hierdie verband Reël 12.5 van *AWS*⁹. Gebruikers moet egter

- daarop let dat sekere geografiese eiename, soos *Soutpansberg*, in samestellings as een lid beskou is.
- (ii) Ná sekere woorde of eiename van nie-Afrikaanse herkoms, bv. *chonzwe-witgat*. Soms is die koppelteken ook gebruik om die herkenbaarheid van die betrokke lid as 'n woord van vreemde herkoms te bevorder, bv. *inhambane-koorsbessie* (sodat dit nie dalk as *inham + bane + koors + bessie* gesien word nie). Die gebruik van sulke koppeltekens is ter wille van leesbaarheid ingevoeg op grond van die spesifieke omgewing waarin die betrokke vreemde woord in 'n bepaalde samestelling voorkom. Die bedoeling was hoegenaamd nie om in alle gevalle so 'n vreemde woord met 'n koppelteken aan die res van die samestelling te verbind nie.
 - (iii) Wanneer die lettergreepskeiding onduidelik is, bv. *pondo-klipels*, sodat dit nie dalk as **pondok-lipels* geles word nie. Dié koppelteken kom ook by verskeie van die *-ertjie*-gevalle voor, soos *dop-ertjie* of *sand-ertjie*. Let op dat *steekertjie* nie met 'n koppelteken geskryf word nie aangesien dié spelling nie die uitspraak van *stekertjie* verteenwoordig nie.
 - (iv) In gevalle waar die vokaalopeenvolging dit vereis, soos *namakwa-aalwyn*, *rooi-ivoor* of *zambezi-eik*. Gebruikers moet daarop let dat opeenvolgende vokale wat tot verskillende lettergrepe behoort, nie noodwendig 'n koppelteken vereis nie (sien bv. Reël 12.1(a) van AWS⁹). Gevolglik word *rooiessenhout* of *keiappel* nie met koppeltekens geskryf nie. In sulke gevalle kan individuele gebruikers egter wel koppeltekens gebruik indien die vokaalopeenvolging na hulle mening moeilik lees.
 - (v) In die sogenaamde afstandsamestellings, soos *kus-harige ghwarrie*, indien die eerste lid 'n selfstandigenaamwoordstam is. Hoewel 'n adjektief soos *groot-* in die boomname (en ander gewone plant- en diername) gewoonlik vas geskryf word, word die afstandskoppelteken nie gebruik in gevalle soos *groot gewone kanniedood* nie.

Wat die gebruik van koppeltekens betref, kan die oordeel van individuele gebruikers verskil en kan sommige in bepaalde gevalle verkies om 'n koppelteken te gebruik waar dit in hierdie boek nie

gedoen word nie, of omgekeerd. Dit staan individuele gebruikers vry om na eie oordeel 'n koppelteken te gebruik of sonder koppelteken vas te skryf (sien bv. Reël 12.5 van AWS⁹), mits hulle nie los skryf wat vas behoort te wees en vas skryf wat los behoort te wees nie. Die vas en los skryf van samestellings word in die eerste plek gereël deur die spelreëls van Afrikaans soos vervat in AWS⁹ en in die tweede plek deur die konvensie waarna hierbo verwys is.

Die gewone name van plante en diere word in die reël met kleinletters geskryf (sien Reël 9.27 van AWS⁹). Volgens bogenoemde bronne geld dit tradisioneel ook wanneer 'n eienaam in die naam voorkom, bv. *janfrederik*, *klaaslouwsbossie*, *bokbaaivygie*, *outeniekwageelhout* of *vanwykshout* – die sg. verbleekte eiename (sien Reël 9.64 van AWS⁹). Dié beginsel is in hierdie boek konsekwent deurgevoer, ongeag of dit 'n geografiese, plek-, persoons-, etniese of ander eienaam is (bv. *afrikavalstaaibos*, *knysnaduineghwarrie*, *pietretiefbroodboom* of *zuluduineghwarrie*) en selfs al sou individuele gebruikers kon meen dat sulke eenaamelemente nie verbleek is nie. Indien die afgeleide vorm van veral geografiese eiename gebruik is, is die hoofletter behou, bv. *Kaapse* of *Transvaalse*. In gevalle waar 'n persoonseienaam saam met die setsel *se* verbind aan 'n soortnaam om die gewone boomnaam te vorm, is die hoofletter behou, bv. *Thomsonse-boomvaring* of *Mosesse-kierie*.

Die skryfwyse van adjektiewe in die boomnaamverbinding is meer problematies. Volgens Reël 14.29 van AWS⁹ word die adjektief wat kleur aandui, in gewone plant- en diername tradisioneel vas geskryf. Die konvensie is egter dat veel meer as die kleuradjektiewe vas geskryf word. Dit sluit ook adjektiewe soos *klein*, *groot*, *vals*, *ronde*, *blink*, *harde*, *wilde* en *skurwe* in. Daarenteen word rigting- of streekadjektiewe soos *noordelike* of *tropiese*, adjektiewiese deelwoorde soos *geveuelde* of *bebaarde*, en diverse ander adjektiewe soos *gewone*, *opregte*, *harige*, *skaars* en dergelike tradisioneel los geskryf. Dit is nie duidelik presies waarom sekere adjektiewe anders hanteer word as ander nie; dit is nietemin 'n feit, en bring mee dat *gladdesandessenhout* maar *harige sandessenhout* geskryf word.

Volgens AWS⁹ (sien Reëls 12.14 en 12.15) word die dele van reduplikasies en samestellings met reduplikasies met koppeltekens verbind. In hierdie boek is *noemnoem*, *pompom*, ens., asook samestellings daarmee, egter sonder koppelteken vas geskryf ten einde lang samestellings met verskeie koppeltekens, soos *grootblombos-noem-noem*, te vermy. Dit is ook in ooreenstemming met die gebruik in verskeie vakspesifieke bronne en met bogenoemde beleid van die minimum koppeltekens.